# SAHARA-AVONTUUR REEKS

No. 26
Die Skatte van Marabash



Meiring Fouché

# INHOUD


Hoofstuk — Bladsy

1. Skatte van die Eeue .......... 3
2. 'n Meisie wat weet .......... 12
3. Bloed in die Straat .......... 20
4. Verdwyning .......... 30
5. Geheim van die Duine .......... 40
6. Stem in die Tempel .......... 49
7. Onverwagte Vyand .......... 57
8. Ultimatum .......... 66
9. Glorie van Gister .......... 74
10. Donker Kerkers .......... 83


Hoofstuk 1

## SKATTE VAN DIE EEUE

Teuns Stegmann die blonde Suid-Afrikaner in die Franse Vreemdelegioen voel uit sy plek terwyl hy die luukse-draaitrap in die weelderige hotel in die stad Tunis, aan die Middelandse See, opstap. Alles glinster en skitter in hierdie hotel wat genoem word die Europa. Hy is al soveel jare in die Saharawoestyn dat al hierdie opgesmukte weelde vir hom 'n bietjie te veel is. Tog wek dit in hom ook 'n aangename gevoel want dit is selde dat 'n man van die Vreemdelegioen met soveel aandag en toewyding behandel word as in hierdie hotel. Omtrent 'n uur gelede het hy intrek geneem in die pragtige kamer met die groot venster wat uitkyk, op die see. Hy het hom net gaan bad, gaan skeer en die eerste maal in 'n hele aantal jare uitgeklim uit die uniform van die Franse Vreemdelegioen en dit verruil vir 'n koel somerspak wat hy vanmiddag in die stad gekoop het. Nie met sy eie geld nie, maar met geld wat deur die Legioen voorsien is. Hy het ook 'n oulike bypassende das en 'n paar skoene aangeskaf. Daarby het hy ook vir hom 'n koel kakie-uitrusting gekoop om te dra wanneer hy nie sy uniform dra nie. Toe hy daarmee klaar was, het hy na die hotel gekom, hom kom regmaak en toe gaan eet. Die eerste maal in 'n lang tyd het hy 'n spyskaart voor hom gesien en hy het dit van bo tot onder deurgeëet. En om dit alles goed af te rond, het hy 'n bottel duur Franse wyn laat kom en dié uitgedrink.

Dit voel vir hom byna soos 'n vakansie en tog is dit nie 'n vakansie nie. Hier waar hy nou die trap opstap, besef hy maar te goed dat hy nog steeds 'n lid is van die Vreemdelegioen en dat hy baie duidelike bevele gekry het voordat hy per vliegtuig van Dini Salam na Tunis vertrek het. Kolonel Le Clerq, bevelvoerder in Dini Salam, het hom uitvoerig beduie wat hy moet doen, wat van hom verwag word en hoe hy moet optree.

Hy bereik die top van die trap en toe besef hy dat sy hart vinniger slaan. Hierdie is bepaald 'n eienaardige sending en hy wonder wat die onmiddellike toekoms vir hom inhou. Op die sagte tapyt stap hy in die gang af, toe gaan staan hy voor kamer 340, kyk 'n oomblik na die kopernommertjie wat so helder blink en toe klop hy op die deur.

Hy wag 'n hele rukkie en hy is net op die punt om weer te klop

toe die deur oopgaan. Teuns kyk verbaas en uit die veld geslaan na die pragtige meisie wat die deur oopgemaak het. Sy is sag en fyn, met 'n rosige kleur op haar wange, blond en so tenger dat sy hom die indruk gee van 'n jong kind. Maar toe hy in haar diepblou oë kyk, besef hy dat sy geen kind is nie. In daardie oë sien hy die ondervinding van 'n hele aantal jare. Tog is sy soos 'n porseleinpop, pragtig en broos.

Die verskyning van die mense het hom so van stryk gebring dat hy 'n paar oomblikke sy tong verloor. Hy het verwag om net mans hier aan te tref en hier staan sy nou voor hom, haar gesig vraend na hom opgedraai.

,,Ja, Monsieur?" vra sy. ,,Wat kan ek vir u doen?" Daardie twee oë glimlag so soet en innig dat Teuns die warmblos teen sy hals voel.

,,Verskoon my," sê hy, ,,ek hoop nie ek is by die verkeerde kamer nie. Ek soek na dr. Heinz Frielingsdorf. Hulle het sy kamernommer as 340 aangegee."

,,Heeltemal korrek, Monsieur," sê die meisie en haar stem is diep en welluidend,; so sterk dat Teuns dit kwalik met haar klein liggaamsbou kan vereenselwig. ,,Entrez," versoek sy, staan opsy en maak 'n klein verwelkomende gebaar met haar hand.

Teuns stap binne en hy verwonder hom opnuut aan die weelde van hierdie hotel. Hierdie is blykbaar 'n suite want hy staan hier in 'n klein portaal waarvandaan hy op die sitkamer kan kyk wat gemeubileer is met die pragtigste ou stukke.

,,Volg my asseblief, Monsieur," nooi die poppie en lei hom die sitvertrek binne.

In 'n kring voor die venster sit daar drie mans: twee besig met 'n pot skaak en die derde een is blykbaar net 'n toeskouer want hy sit net daarby met 'n glas in sy hand.

,,Iemand om u te sien, Vader," sê die meisie en toe die indrukwekkende man met sy spierwit grys kop na Teuns opkyk, is daar net die sweem van ongeduld in sy oë.

,,Maar ek is besig met 'n potjie skaak, my liefste," sê die bejaarde man.

,,Ek is jammer, Vader," antwoord sy. Toe kyk sy na Teuns. ,,Ek is bevrees Teuns Stegmann ek weet nie wie jy is nie."

,,Ek is die legionnaire Teuns Stegmann van die Franse Vreemdelegioen." Teuns kon net sowel 'n bom onder daardie skaaktafel ingeslinger het. Die drie mans is onmiddellik op hul voete en die bejaarde een loop byna die tafeltjie om om Teuns eerste te bereik





en hom te groet. Hy skud die lang man se hand heftig, gryp hom aan die skouers en met 'n vrolike lag sê hy: ,,Is ek bly om jou te sien, Legionnaire. Ons het al byna begin wanhoop dat die Vreemdelegioen iemand sou stuur en nou het u werklik opgedaag. Laat ek u voorstel—my dogter, Magdel Frielingsdorf; my kollega, dr. Klaus Bergh, 'n Hollander; en monsieur Charles Bovary, 'n verteenwoordiger van die Franse Department Afrika." Hy hou Teuns nog steeds aan die skouer vas. ,,En hierdie," sê hy vir die ander drie, ,,is ons langverwagte Legionnaire. Ek is seker julle is net so dankbaar soos ek."

Teuns knik om die beurt vir hulle almal. ,,O ja," sê die bejaarde man en lag hartlik, ,,Ek het skoon vergeet—ek is dr. Heinz Frielingsdorf." Hy steek sy hand uit en groet Teuns hartlik. ,,Kom sit, my vriend. Kom sit. Ek kan jou nie sê hoe dankbaar ons is dat jy opgedaag het nie. Die Legioen het ons beloof dat ons reeds gister 'n man sou kry maar wat, ek wil nie kla nie—jy het nou gekom en ons is almal gelukkig."

Hulle gaan sit en dr. Heinz Frielingsdorf verwyder dadelik die skaakstukke van die tafel af. ,,So," sê hy, ,,ons sal nie verder skaak speel nie. Klaus, jy kan gerus vir ons iets bring om te drink." Toe wend hy hom weer na Teuns. ,,Vertel my nou eers, het jy voorspoedig gevlieg? Vind u u kamer in die hotel bevredigend?"

,,Heerlik gevlieg en die kamer is uitstekend, dankie, Dokter," antwoord Teuns.

,,U is seker nuuskierig om te weet wat hier gaande is, nie waar nie?"

,,Ja, ek is bevrees," antwoord die Suid-Afrikaner ,,ek het nie die vaagste benul wat die doel van my sending is nie. Al wat ek weet, is dat ek in Dini Salam bevel gekry het om na Tunis te vlieg, na hierdie hotel te kom en my aan te meld by dr. Heinz Frielingsdorf."

,,Nou goed," sê dr. Frielingsdorf ek sal u aanstons alles vertel. Ons wag net dat Klaus vir ons iets bring om te drink."

Teuns kyk na die man. Dit is duidelik dat hy 'n persoon van aansien is. Hy het 'n hoë voorkop, intense en intelligente blou oë en 'n netjiese bos wit-grys hare. Die kêrel Bovary is 'n tipiese Fransman—donker, geslote, met 'n sekere aantreklikheid aan hom, maar tog iets broeiend in sy donker oë waarvan Teuns nie hou nie. Klaus Bergh is 'n tipiese blonde Hollander, sorgvry, openhartig en flink.

Op 'n klein trolletjie stoot Klaus Bergh 'n verskeidenheid drank

na hulle toe. Een oogopslag laat Teuns verstaan dat dit drank uit die hoogste rakke is, van die beste ingevoerde soorte.

,,Hoe lyk dit,'' vra Klaus vir Teuns, ,,wat kan ek vir u inskink?''

,,Ek voel lus vir 'n glas whisky,'' antwoord Teuns.

Dit lyk asof Frielingsdorf nie kan wag totdat Klaus die drank klaar ingeskink het nie. Hy sit en woel en vroetel daar met sy hande en kyk aandagtig na die bedrywighede van die Hollander wat besig is om vir elkeen iets in te skink.

,,Nou, my vriend,'' sê Frielingsdorf eindelik opgewonde toe elkeen sy glas in die hand het. ,,Nou kan ons gesels. Kyk, ek is 'n oudheidkundige verbonde aan die Universiteit van Frankfurt. My vriend Klaus hier is 'n kollega hoewel hy nie aan dieselfde Universiteit verbonde is nie. In my vrye tyd het ek deur die jare 'n uiters noukeurige studie gemaak van die voorgeskiedenis van die Sahara. Ek het 'n paar interessante ontdekkings gedoen.'' Met 'n tergende glimlag kyk hy op na Teuns. ,,Het jy al ooit gehoor van die skatte van Marabash?''

,,Nee, ek is bevrees ek het daar nog nooit van gehoor nie,'' sê Teuns.

,,Skitterend,'' sê Frielingsdorf. ,,Dan kan hierdie vir jou 'n heeltemal interessante reis wees my vriend. In die argiewe in Kairo asook in Parys en in die Britse Museum het ek sekere gegewens opgediep wat daarop dui dat daar op 'n sekere plek in die Sahara 'n verlore tempel moet staan, baie duisende jare oud en heeltemal verlate.''

Teuns glimlag sinies. ,,O so,'' sê hy, ,,dan het hierdie reis met 'n verlore tempel te doen? Met alle eerbied wil ek u net sê dat die meeste van hierdie sogenaamde tempels in die Sahara bloot legendes is, blote versinsels. U moet my vergewe as ek sinies klink, maar werklik, daar is seker nie 'n deel van die Sahara wat nog nie besoek is nie—òf deur patrollies van die Vreemdelegioen òf deur swerwende Arabiere.''

,,My vriend,'' sê Frielingsdorf heeltemal openlik, ,,ek kan jou sinisme heeltemal verstaan want ek weet hoeveel kwaksalwers daar is wat die wêreld wil wysmaak dat daar in die Sahara allerhande verlore tempels en selfs stede is. Ek kan jou egter verseker dat ek nie die minste twyfel het dat hierdie geen legende is nie. Kyk, Marabash was in die ou tyd die groot metropolis van die groot Arabierse volk wat toe daar saamgetrek was. Daar was destyds 'n groot oase—veel groter as enigiets wat nou nog in die Sahara bestaan. Jy kan my woord daarvoor neem dat hierdie die





goddelike waarheid is. Uit ou vergete beskrywings het ek vasgestel dat hierdie stad eindelik verlore gegaan het onder die aanslag van twee dinge. Om die een of ander rede het die oase ingegee. Gepaard daarmee was daar 'n oorlog met die aangrensende vyandige stamme wat skynbaar daarin geslaag het om die bewoners van Marabash op 'n wrede en onmenslike wyse te oorweldig.

,,In hul skatkamers het die mense van Marabash ongelooflike skatte gehad. Daar was tussen hulle en die volke van die nabye Ooste en selfs die volke van Europa skynbaar 'n groot handel en dit wil voorkom asof die mense van Marabash juwele en edelgesteentes as die beste betaalmiddele gereken het. Vandaar dat hulle soveel ontsaglike skatte opgestryk het. Nou weet ek hierdie klink soos die gewone skatteverhaal. Die enigste verskil is dat hierdie verhaal blykbaar reg is. Toe hulle oorval is, het hulle skynbaar daarin geslaag om die weergalose skatte in ondergrondse kamers te versteek waar hulle tot hede vandag toe nog behoue gebly het.''

Teuns skud sy kop stadig vol ongeloof en agterdog. ,,Ek weet darem nie so reg nie,'' sê hy. ,,As daar so iets was, dan moes dit darem al bekend geword het.''

,,Jy moenie vergeet nie, my vriend,'' antwoord Frielingsdorf, ,,dat hierdie stad al deur baie eeue verwoes lê. Die oase het opgedroog. Die tempel, neem ek aan, is vandag 'n onaansienlike ruïne soos 'n mens so baie in die Sahara aantref. Jy het tog seker self al sulke ruïnes gesien.''

,,Ja, dit is waar,'' moet Teuns toegee. ,,Ek weet van een ou tempel voor die Atlasgebergte waar daar byvoorbeeld 'n groot robyneskat is. Ek het dit self gesien.''

,,Nou waarom reken jy dan dat die tempel van Marabash so heel onwaarskynlik is? Waarom dink jy dat die skat van Marabash bloot 'n skim van die verbeelding is?''

,,U moet my maar verskoon,'' sê Teuns, ,,neem sy glas en drink 'n slukkie. ,,Ek is maar baie sinies wat hierdie dinge betref want ons het al soveel gevalle gehad waar daar sogenaamde verborge skatte is en dan vind ons by ondersoek dat daar niks van waar is nie. Mag ek vra waar hierdie beweerde tempel geleë is?''

,,Alte seker,'' antwoord Frielingsdorf. ,,Klaus, bring vir ons die landkaart.''

Klaus Bergh gaan haal 'n landkaart en kom sprei dit oor die tafeltjie oop. Hulle buig almal daaroor en Teuns word ongemaklik toe hy voel hoedat Magdel Frielingsdorf onderlangs na hom loer. So asof sy besig is om hom op te som. Voor hom op die kaart sien

hy wat lyk na 'n roete in rooi ink afgemerk. Dan is daar 'n ronde rooi kring. Klaus Bergh beduie met sy vinger daarheen. ,,Die tempel moet binne daardie kring geleë wees,'' sê hy en hy noem 'n lengte- en 'n breedtegraad om die plek aan te dui.

,,Ja,'' sê Teuns eindelik, ,,ek moet sê dat dit 'n taamlike afgeleë hoek van die Sahara is. Dit is 'n ongenadige woesteny en dit is daarom dat dit so skraal bewoon is. Sover ek weet, kry 'n mens daar net swerwende bendes Toeareks, wat geen huis of haard het nie en maar net van dag tot dag deur die woestyn swerf.''

Frielingsdorf glimlag vir die lang Suid-Afrikaner. ,,Bravo!'' roep die Duitse geleerde uit. ,,Ek moet sê jy ken jou Sahara, my vriend.''

,,As ek hom nou nog nie ken nie,'' antwoord Teuns goedig, ,,sal ek hom seker nooit ken nie. En u reken dat die tempel daar geleë is?''

,,Ek en Klaus is daar absoluut oortuig van,'' antwoord Frielingsdorf. ,,As ons daar nie 'n verlore tempel vind nie, dan is ek van plan om my studies oor die voorgeskiedenis van die Sahara te laat vaar. Die opsporing van hierdie ou tempel was vir my byna 'n lewenstaak. Ek werk al baie, baie jare daaraan en noudat ek, volgens my mening, al die korrekte gegewens bymekaar het, noudat ek presies weet waar die tempel geleë is en noudat ek 'n idee het van die ongelooflike skatte wat daar moet rus, is ek van plan om geen steen onaangeroerd te laat voordat ek vasgestel het of die tempel van Marabash wel bestaan en of dit maar 'n produk van die verbeelding is nie.''

,Mag ek nou vra hoe ek by die prentjie inpas?''

,,Dit is 'n billike vraag, Legionnaire,'' antwoord Frielingsdorf onmiddellik. ,,Kyk, ons is volslae leke sover dit 'n reis deur die Sahara betref. Ons het wel baie in boeke gelees en tog voel ons dat ons nie op hoogte is met al die vereistes wat 'n mens moet nakom as jy so 'n lang reis deur die genadelose woestyn onderneem nie. Dit is die een punt. Tweedens vertrou ons nie die Arabiere nie. Dit spreek vanself dat ons 'n gids nodig het wat in beheer sal wees oor die karavaan dat ons in die regte rigting sal lei en ons van dag tot dag met raad sal bedien op hierdie reis. Soos ek sê, ons is nie geneë om hierdie belangrike taak aan 'n Arabier oor te laat nie. Daarom het ons die Franse Vreemdelegioen genader met die versoek dat hulle aan ons 'n ervare, betroubare, dapper man beskikbaar sal stel wat ons op hierdie reis kan vergesel. Ons het dit benadruk dat ons 'n man wil hê met volop praktiese ondervinding van die gevare van





die Sahara. Nouwel,'' sê Frielingsdorf, ,,blykbaar het hulle soveel vertroue in jou, my vriend, dat hulle jou vir die taak aanbeveel het. En nou kan jy lig verstaan waarom ons so dankbaar is dat jy opgedaag het. Ons wil graag so gou as moontlik met hierdie ekspedisie begin.''

Teuns lag kortaf. ,,Ek is nogal versigtig wat hierdie soort reise betref,'' sê hy heeltemal vriendelik en sonder dat hy 'n beskuldiging maak. ,,Nie te lank gelede nie is ek op 'n derglike reis uitgelok en dit het nie lank geduur nie of ek het uitgevind dat ek met 'n uiterste rampokker te doen het. Ek het skaars met my lewe daarvan afgekom.''

Frielingsdorf lag hartlik. ,,In hierdie geval hoef jy nie daarvoor bang te wees nie, my vriend. Ons is heeltemal eerlik en as jy bewys daarvoor nodig het, kan ek jou altyd voorsien van voorstellingsbriewe wat deur die Franse department van Buitelandse sake aan ons uitgereik is. En hier sit ons vriend monsieur Bovary, senior Franse staatsamptenaar, wat ons gaan vergesel.'' Met 'n glimlag voeg hy daarby: ,,Monsieur Bovary vergesel ons om te verseker dat ons nie miskien 'n vreemde vlag op Franse bodem sal plant nie.''

Teuns merk dat Bovary glimlag maar tog bly sy gesig 'n bietjie stroef—só asof hy vieserig is dat die skaakspel onderbreek is.

,,Toe maar, ek verdink u nie; ek het sommer 'n grap gemaak,'' sê Teuns.

,,Uitstekend!'' roep Frielingsdorf uit. ,,Nou toe,'' sê hy geesdriftig, ,,ons het reeds 'n kameeltrein gehuur; jy sal ons egter moet help met die inlê van voorraad en met die beplanning van die reis en met die aanskaffing van alle moontlike behoeftes wat ons moontlik nodig kan hê. Geld is nie 'n kwessie nie, my vriend, want daar is 'n hele paar organisasies in Europa wat mildelik bygedra het om hierdie reis moontlik te maak.''

,,Wanneer begin ons daarmee?'' vra Teuns.

,,Sommer môre,'' antwoord dr. Heinz Frielingsdorf. ,,Ons wil so gou as moontlik wegkom.''

,,Nou goed,'' sê die lang man en sluk die laaste drank weg, ,,Dan moet u my nou verskoon. Ek wil maar vroeg gaan rus.

,,Alte seker,'' sê Frielingsdorf. ,,Jy het nou die volledige prentjie en jy kan maar solank jou gedagtes laat gaan oor wat ons alles moet doen om die reis veilig te maak.''

Dit is toe Teuns opstaan dat hy die Arabier in die deur sien staan. Dit ruk in hom net soos dit altyd is wanneer hy 'n Arabier sien. Net,

hierdie is nie 'n vegter nie. Hy is nie 'n wilde kryger van die Sahara nie. Hy is blykbaar 'n kelner.

Frielingsdorf sien vir Teuns staar en staan ook dadelik op. ,,Ja, wat wil jy hê?'' vra hy op Frans vir die Arabier.

,,Pardon, Monsieur,'' sê die skepsel, ,,ek het maar net kom kyk of u nie iets nodig het nie.''

,,As ek iets nodig het,'' sê Frielingsdorf omgekrap, ,,sal ek jou ontbied.''

,,Merci, Monsieur,'' sê die skepsel net onderdanig, buig oor sy skinkbord en toe stap hy uit.

,,Hoe lank staan hy al hier?'' vra Klaus Bergh en daar is onrus in sy stem.

,,Die hemel weet,'' antwoord Frielingsdorf. ,,Maar ek dink nie ons hoef ontstel te wees nie. Hy is maar net 'n kelner en hulle is maar altyd danig opdringerig want hulle weet hoe meer drank hulle aandra hoe meer fooitjies kry hulle.''

,,Ja, dit is reg,'' sê Teuns, maar toe hy na die deur beweeg, voel hy glad nie op sy gemak nie. Hy ken die ou Arabierse nasie en hy weet goed genoeg dat hulle die mees fantastiese dinge sal doen as hulle sekere inligting wil hê. Hy laat sy agterdog egter nie blyk nie. By die deur draai hy om en sê hulle een vir een nag.

Weer tref dit hom hoedat Magdel Frielingsdorf aandagtig na hom kyk. ,,Sy gaan saam,'' sê Heinz toe hy sien hoedat Teuns na sy dogter kyk.

,,Sy gaan saam?'' vra die Suid-Afrikaner en frons. ,,Dink u dit is verstandig? Hierdie is 'n lang, uitputtende reis wat heelmoontlik nie sonder gevaar sal wees nie.''

,,Ek is heeltemal mans genoeg om na myself om te sien,'' sê die meisie.

Teuns glimlag vir Frielingsdorf en toe stap hy uit.

Dié nag slaap Teuns soos 'n klip. Dit is lanklaas dat hy in so 'n heerlike, skoon, sagte bed geslaap het, met 'n bedlig hier by sy kop. En toe hy die volgende oggend wakker word, voel hy fris en lewenskragtig. Hy voel lus om die hele wêreld aan te pak. Hoewel dit nog vroeg is, spring hy uit die bed want hy is nie gewoond aan laat slaap nie. Wanneer hy wakker word, staan hy op. Hy bad en skeer, trek aan en besluit om oor te stap na die suite van Heinz Frielingsdorf en sy aantreklike dogter om met die doktor nog iets te bespreek voordat hy net na ontbyt begin reëlings tref vir die reis.

In elk geval moet Frielingsdorf weer die deur oopmaak. ,,Ek is jammer dit is so vroeg,'' sê Teuns, ,,maar daar is nog die een en die





ander wat ek met u vader wil bespreek voordat ek begin.''

Sy is nog in haar kamerjas. ,,My vader slaap nog,'' sê Magdel, ,,maar kom gerus solank binne en kom drink 'n koppie koffie saam met my.''

Hy stap binne en sy skink vir hulle koffie. Sy skink ook 'n derde koppie in. ,,Verskoon my,'' sê Magdel, maar ek gaan hom nou wakker maak. Dit is vir hom tyd om op te staan.''

Sy stap met die koppie koffie na 'n ander kamer en 'n paar oomblikke daarna skiet haar verskrikte gil soos 'n dun lem deur Teuns. Hy vlieg op en spring na haar toe daar waar sy in die kamerdeur die koppie uit haar hande laat val het.

Oor haar skouers aanskou Teuns die ongelooflike wanorde in die kamer—asof 'n worsteling tot die dood toe daar plaasgevind het.

En van dr. Heinz Frielingsdorf is daar nie 'n teken nie. . .

Hoofstuk 2

## 'N MEISIE WAT WEET

Magdel Frielingsdorf hou histeries aan met skreeu totdat Teuns haar aan die skouers gryp haar omruk en haar 'n slag heftig skud. ,,Stadig oor die klippe, Juffrou,'' sê hy, ,,want as jy so aanhou gil, het jy netnou die hele polisiemag van Tunis hier.''

,,Sy breek meteens af, kyk verslae na hom op.,,Maar my vader is weg!'' snak sy.

,,Dit beteken nog nie die einde van die wêreld nie,'' sê Teuns. ,,Heel moontlik is hy maar hier rond. Ons sal hom soek.''

Sy kyk verlore na hom op. ,,Jy weet net so goed soos ek dat hy nie hier is nie,'' sê sy sag. ,,Kyk hoe lyk die kamer. Ek sê vir jou hulle het hom ontvoer. Daarom het hy so geveg.''

,,Moet nooit te haastig gevolgtrekkings maak nie,'' vermaan hy haar en glimlag, maar selfs toe hy praat, weet hy dat haar afleiding heeltemal korrek is. Dr. Heinz Frielingsdorf is verlede nag ontvoer. Daarvan is hy baie seker.

Hy stap die kamer binne en bekyk alles noukeurig. Daar is geen teken dat die doktor beseer is nie want nêrens is daar 'n beduidenis van bloed nie. Net die bed is vreeslik omgekrap, die mat lê op 'n bondel, 'n waterkraffie is van die bedtafel af gestamp en Frielingsdorf se een skoen lê voor die bed onderstebo en die ander een ver in die hoek teen die klerekas.

,,Ons moet dadelik die polisie in kennis stel,'' sê Magdel verskrik met die groot blink trane in haar oë.

,,Ja, ek reken so,'' antwoord Teuns. ,,Miskien is dit maar die veiligste om die polisie in kennis te stel.''

Sy spring op en haas haar na die telefoon, bel die hotelsentrale en vra hulle om haar deur te skakel na die polisie. Teuns neem egter die spreekbuis uit haar hand en toe die polisie antwoord gee, is dit hy wat praat. Hy deel hulle mee wat gebeur het en hulle beloof om onmiddellik te kom.

Magdel dwaal deur die suite rond, skynbaar met die verwagting dat haar vader tog iewers moet wees. Maar hoe sy alles deurkyk, daar is nie 'n teken van Heinz Frielingsdorf nie.

'n Rukkie later daag Klaus Bergh op en toe hy hoor wat gebeur het, is die skok onmiskenbaar op sy gelaat. Nog 'n rukkie later daag monsieur Bovary op. Ook aan hom word die gebeure vertel,





maar sy blas gesig bly uitdrukkingloos, sy oë stroef.

,,Moet ons nie u departement in kennis stel nie, Monsieur?'' vra Klaus Bergh.

Bovary skud sy kop. ,,Nee, sê hy, ,,ek dink nie dit is nodig nie. Hierdie is 'n saak vir die polisie, laat hulle dit maar ontrafel.''

Klaus Bergh skink vir die ontstelde Magdel 'n stywe sopie whisky in. Bovary gaan dood op sy gemak in 'n leunstoel sit. Dit skyn asof die Fransman nie die minste belangstel in wat gebeur het nie. Teuns stap na die slaapkamer en kyk weer daar rond. Die verwarring is verregaande. Frielingsdorf moes met al sy krag geveg het teen die indringers wat hom hier kom verwyder het. Onwillekeurig dink Teuns aan daardie Arabier wat gisteraand so ongenooi in die suite verskyn het.

Toe sien hy meteens iets wat sy aandag trek. Dit is 'n ronde, glinsterende voorwerp daar onder die bedtafeltjie. Hy stap daarheen, buk en tel dit op. Hy kyk verbaas na die voorwerp wat in sy handpalm lê en blink.

Dit is 'n duur versierde snuifdoos. Dit is die soort snuifdoos wat Arabiere gewoonlik gebruik. In die middel van die silwerdeksel is 'n klein robyn gelê. Dit bring Teuns dadelik tot 'n gevolgtrekking. Hierdie snuifdoos het nie aan 'n gewone Arabier behoort nie—as dit wel 'n Arabier se eindom is. Hierdie snuifdoos het seker aan 'n sjeik of 'n ander hoogwaardigheidsbekleër behoort. Hy druk dit dadelik in sy broeksak en toe hy omdraai, staan monsieur Bovary teen die kosyn van die deur aangeleun, met 'n sigaret slap teen sy lippe, sy een oog half toe agter die kronkelende blou rook.

,,Het jy iets van waarde gevind, Monsieur?'' vra Bovary half smalend dog uit die hoogte.

Die ergernis kook sommer in Teuns op. Hy hou net niks van hierdie blas Fransman nie. Hy is te dooierig en terselfdertyd te wakker. Daar is 'n eienaardige manhaftigheid aan die man hoewel hy so belangeloos lyk. Hy is nou net die tipe wat Teuns glad nie aanstaan nie.

,,Nee, Monsieur,'' antwoord hy, ,,ek het niks gevind wat jou sal interesseer nie.''

,,Mag ek vra wat dit is wat jy in jou sak gesteek het?'' vra Bovary.

,,Jy kan vra as jy wil,'' antwoord Teuns humeurig ,,maar of ek jou vraag sal beantwoord, is glad 'n ander saak, Monsieur. Laat my dadelik sê dat ek nie veel van jou houding hou nie. Ek dink nie jy is